STELLENBOSSIANA

NUUSBRIEF SEPTEMBER 2020 JG. 34 NR. 2 • NEWSLETTER SEPTEMBER 2020 VOL. 34 NO. 2

Idasvallei is een van Stellenbosch se oudste “dorpies”.

Ons weet nie waar die naam Ida vandaan kom nie, maar daar is geen bevestiging dat ‘n dame met die naam Ida in die 17de eeu daar gewoon het nie. ‘n Gewilde storie dat sy Simon van der Stel se geselskapsdame was, kon nog nooit bewys word nie.

Die vallei het drie ander plase gehad, naamlik Nazareth, Schoongesicht en Rustenberg. In 1682 is Idasvallei toegeken aan die Hugenoot Francois Villion, wat later as Francois Viljoen bekend sou staan. Die plaas is ná Francois se dood oorgedra aan sy weduwee, en in 1682 bekom Gerhard Cloete ‘n deel van Idasvallei wat toe Klein Idasvallei word. Samuel Cats koop Klein Idasvallei in 1780 en voeg dit weer by Groot Idasvallei nadat verskeie eienaars dit besit het. In 1717 het Nazareth ook deel van Groot Idasvallei geword toe Jan Botma dit oorgeneem het.

In 1812 koop Jan Pieter de Villiers die plaas wat Nazareth en Klein Idasvallei insluit, en vir die volgende aantal dekades word die plaas besit deur die erfgename van die De Villiers-familie totdat ‘n gedeelte daarvan in woonerwe opgesny word.

Gedurende die 1920‘s was die Afdelingsraad van Stellenbosch verantwoordelik vir die infrastruktuur van Idasvallei, en enige persoon kon ‘n erf aankoop. Bruin mense het egter meer belanggestel in erwe in Die Vlakte omdat dit nader aan die dorp was.

Die gebied wes van Kahlerstraat tot by Rustenburgweg het bekend gestaan as Die Kamp, en senator Brückner de Villiers het heelwat erwe hier besit. Oorlewering vertel dat hy net erwe verkoop het aan lede van die Afrikaanse Methodiste Episkopaalse Kerkvereniging (AME). As politikus was hy afhanklik van die ondersteuning van bruin kiesers, en dus het hy heelwat erwe in Rustenburgweg, Lückhoff-, Kahler- en Juffernbrüchstraat aan bruinmense verkoop.

Van die bekende eienaars wat hier met groente, vrugte en aarbeie geboer het, was Awie Jacobs, Hannes Martin, Hendrik Havenga en ene Muller. Vriende en familie van die platteland het ook hier erwe besit, soos die Jagers-broers van De Doorns, asook die Anthonie- en Erasmus-families.

Tot aan die einde van die dertigerjare het watervoorsiening van hierdie deel slegs uit putte en ‘n enkele kraan aan die begin van Rustenburgweg, bestaan. Van ordentlike paaie was daar ook nie bra sprake nie.

Dit was algemene praktyk om ‘n besigheid uit die huis te bedryf. ’n Goeie voorbeeld was die kruidenierswinkel wat Awie Jacobs uit sy huis by Rustenburgweg 45 bedryf het. Die hoekingang van die huis, wat uitsonderlik vir hierdie styl was, is ‘n duidelike bevestiging hiervan. Die besigheid is bedryf onder die naam AJ General Dealers.

Hierdie huis, en verskeie ander in die straat, is voorbeelde van ‘n Kaaps-Hollandse Herlewingstyl met ongegroefde pilare en ‘n sinkdak, wat ook baie gewild in ander dele van Stellenbosch was gedurende die laat Victoriaanse tydperk.

Die Groepsgebiedewet (Wet 41 van 1950) het ‘n wesenlike impak op Idasvallei gehad toe bruin mense vanuit gebiede soos Die Vlakte verskuif is na gebiede soos Cloetesville en Idasvallei, en die Munisipaliteit sodoende verplig was om huise te bou om die bruinmense te huisves.

Navorsing oor die geskiedenis van Idasvallei is in die negentigerjare van die vorige eeu onder leiding van die Stellenbosch Museum gedoen toe die moontlikheid ondersoek is om van die huise in Rustenburgweg te restoureer. Hierdie projek het egter nie plaasgevind nie, maar die inligting vir dié artikel spruit uit daardie navorsing.

PIETMAN RETIEF

PERSONEELNUUS

Die Covid-19-pandemie en die nasionale inperking vanaf 27 Maart het die museum, soos baie ander organisasies, nadelig getref. Daar kon geensins voorbereiding hiervoor getref word nie. Die museum het sy deure op 27 Maart gesluit en alle personeel was verplig om tuis te bly.

Hierdie tyd het gepaard gegaan met baie onsekerhede vir sowel die bestuur as die personeel. Gedurende Junie het die onderhoudspersoneel teruggekeer na die werk waar die nagevolge van meer as twee maande se sluiting baie duidelik sigbaar was in die toestand van die geboue sowel as dié van die tuine. Die personeel, onder leiding van die toesighouer, het van die tyd gebruik gemaak om onderhoudswerk wat normaalweg nie gedoen kan word nie, as gevolg van museumbedrywighede, te voltooi. Die teëlvloere by Blettermanhuis en Grosvenor House is gedurende hierdie tyd gerestoureer en verseël. Dank en waardering vir die goeie werk word hiermee uitgespreek teenoor Reagan Goliath, Lorenzo Hendricks, Lizelle Hendrikse, Laurenzo Newman, Ulin Wentzel en Mitchell Williams.

Nadat vlak 3 van die inperking aangekondig is, verkry die museum die nodige toestemming vanaf die Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur om op 17 Augustus sy deure vir die publiek te open.

Die personeel kon hul opgewondenheid om uiteindelik weer te mag werk nie verbloem en het met entoesiasme ingespring om die nodige Covid-19-maatreëls in plek te kry. Die bestuur en personeel wil hiermee graag hul dank en waardering uitspreek teenoor die Trustees van die Stellenbosch Erfenistrust vir die skenking van die fondse wat die museum benodig het om die museum Covid-gereed te kry.

Sedert die museum se heropening word streng Covid-19-maatreëls gehandhaaf en geen toegang kan tot die museum verkry word sonder ‘n masker nie.

Museumgids, Lamees Petersen, gereed om besoekers by die Dorpsmuseum te ontvang

MUSEUM SE TOTSIENS AAN DRIE JARELANGE STAATMAKER PERSONEELLEDE

Die Stellenbosch Museum het aan die einde van Mei totsiens gesê aan drie personeellede ná dekades se diens by die museum.

Hannelie Jonker het in April 2017 met pensioen uit die diens van die Departement Kultuursake & Sport getree. Die Trusteeraad het haar in Mei 2017 as bibliotekaresse op hul diensstaat geplaas. Hannelie het sedert Maart 1993 as bibliotekaresse by die museum gewerk. Hannelie het die biblioteek se versameling baie goed geken en kon navorsers nie slegs help met die nodige boeke en inligting waarna hulle op soek was nie, maar kon sommer heelwat ander inligting van die rak haal wat van waarde was vir die navraag. Haar kennis en entoesiasme sal gemis word deur al die gereelde biblioteek gebruikers.

Jeanette Koopman het in 2002 as gids by die museum begin werk. Sy was goed bekend met al die museum se geboue en het benewens haar werk in die periode-huise, ook gereeld diens verrig in die VOC Kruithuis. Haar gunstelinghuis was egter dié van Lodewyk Bletterman. Jeanette het dit baie geniet om met die toeriste te gesels en het baie besoekers vir ure lank met staaltjies vermaak.

‘n Ander gids wat die museum vaarwel toegeroep het, is Constance Leith. Constance het in Oktober 2011 as gids by die museum aangesluit. Constance was die aflosgids en het tussen die vier periode-huise sowel as die VOC Kruithuis diens verrig. Besoekers se terugvoering was gereeld dat Constance die geskiedenis met groot passie kan oordra.

Ons wens al drie personeellede alle voorspoed toe met die volgende hoofstukke van hul lewens.

EVENTS HOSTED AT THE MUSEUM

Although the national lockdown brought almost all daily life to a standstill, it did not prevent the museum from reaching out to the community via social media.

Youth Day:
Youths were invited to pre-record a video of approximately 5 minutes, during which they could give their views on how the Covid-19 pandemic has affected their lives and their future. The videos were uploaded onto the museum's Facebook page. The learners who participated were Zekia Agulhas (Huguenot Primary), Andrea Constable (Cloetesville High), Lawrenchia De Wet (Kylemore Primary), Keshia Joshua (Cloetesville High), Mu'een Petersen (Rietenbosch Primary) and Devine Samuels (Cloetesville High).

Woman's Day:
Interviews with women from Jamestown, Pniel, Cloetesville and Ida's Valley who do charity work in their community were recorded on video. The interviews were done to give recognition to these women whose work often goes unrecognised. The interview was an opportunity to laud them for their contribution to the empowerment of their communities. The interviews were posted on the museum's Facebook page.
The ladies who participated, were Gabby Bailey (Pniël), Cheryl Farao (Jamestown), Nieta Groenewald (Cloetesville), Laverne Jacobs (Jamestown), Virginia Jumat (Idas Valley), Amy Levendal (Jamestown) and Janine Myburgh (Pniël).

Heritage Day:
Learners from "Jeuguitreik" were invited to a special Heritage Day programme which was presented at the Toy Museum. A total of 21 learners attended this event.

The museum collaborated with the Western Cape Museum Service in the webinars organised by Barry Jooste and Kumresh Chetty, educational officers from the Department Cultural Affairs & Sport. The museum's educational officer invited participants from the communities to take part in various discussions in celebration of Youth Day, Mandela Day, Africa Day and Heritage Day.

Photo Above: Two of the ladies from Jamestown who participated in the Woman's Day event hosted by the museum via social media.
Left to Right: Cheryl Farao, Lamees Petersen (Museum guide) and Laverne Jacobs

Learners from "Jeuguitreik", visiting the Toy Museum on Heritage Day, 24 September 2020